Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Deon Louw**
Direktoraat: Inrigtingsbestuur en -beheer
Deon.Louw@westerncape.gov.za | 021 467 2653

Lêerno.: 26/6/3
Verwysing: 20241028-7794

Omsendbrief: 0035/2024
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Prinsipale en Lede van beheerliggame van openbare skole

Kort opsomming: *Standaardbedryfsprosedure en gebruiksaanwysings vir die bestuur van koshuissubsidies.*

**Onderwerp: Standaardbedryfsprosedure (SBP) en gebruiksaanwysings vir die bestuur van koshuissubsidies**

1. Die aangehegte SBP en gebruiksaanwysings vir die bestuur van koshuissubsidies is met onmiddellike ingang van toepassing op alle openbare skole met koshuise in die Wes-Kaap.

2. Ingevolge regulatoriese vereistes om die aansoeke om en toewysing van subsidies aan openbare skole met koshuise suksesvol te bestuur, is hierdie twee dokumente ontwikkel om aanwysings aan beheerliggame te verskaf oor hoe om aansoeke om koshuissubsidies te verwerk.

3. Die doel van hierdie twee dokumente is:

3.1 **SBP**
Om te verseker dat die aansoek- en goedkeuringsprosesse van koshuissubsidies aan die vereistes voldoen en om verslag te doen oor die doeltreffende aanwending van koshuissubsidies op skoolvlak.

3.2 **Gebruiksaanwysings**
Om gebruiksaanwysings aan die beheerliggame te verskaf oor hoe om aansoeke om koshuissubsidies te verwerk.

4. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief, SBP en gebruiksaanwysings onder die aandag van alle prinsipale, werknemers by skole wat verantwoordelik is vir die bestuur van koshuise en alle beheerliggaamlede van skole met koshuise.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2024-11-15